



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuisblad by die Poskantoor Geregistreer

Price 20c Prys
Overseas 30c Oorsee
POST FREE—POSVRY

VOL. 166]

CAPE TOWN, 11 APRIL 1979

[No. 6400

KAAPSTAD, 11 APRIL 1979

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 773.

11 April 1979.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 35 of 1979: National Monuments Amendment Act, 1979.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 773.

11 April 1979.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 35 van 1979: Wysigingswet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1979.

Act No. 35, 1979

NATIONAL MONUMENTS AMENDMENT ACT, 1979.

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

 Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

ACT

To amend the National Monuments Act, 1969, relating to the definitions; so as to define the object of the council in greater detail; to extend from three to five years the period during which anything provisionally declared to be a national monument, shall for the purposes of the application of certain provisions of that Act be a monument; to extend the powers, functions and duties of the council; to provide for the registration of and the rendering of financial assistance to any authority or body of persons preserving national monuments, the delegation of powers by the Minister and the designation of a director and acting director of the council; to empower the Minister to guarantee the repayment of the loans and interest on the loans of the council; to compel the council to utilize its funds in accordance with an estimate of expenditure approved by the Minister, acting with the concurrence of the Minister of Finance; to provide for the declaration of certain wrecks as monuments; to extend from three to six months the duration of notices of proposed or provisional declaration of monuments; to compel certain persons to report the finding of certain objects; to prohibit the damaging and removal of memorial tablets, the badge of the council and signs; to increase the penalties for certain contraventions of that Act; to increase the jurisdiction of magistrates' courts relating to penalties for such contraventions; and to provide that local authorities shall obtain the approval of the Minister as well as that of the council for the making of by-laws in terms of that Act; to amend the Financial Relations Act, 1976, so as to confer upon provincial councils the power to provide for the making of payments in connection with immovable monuments; and to provide for incidental matters.

(Afrikaans text signed by the State President.)
(Assented to 3 April 1979.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of
section 1 of
Act 28 of 1969.

1. Section 1 of the National Monuments Act, 1969 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(a) by the insertion before the definition of "council" of the following definition:

"'badge' means the badge of the council registered in

WYSIGINGSWET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDI, 1979.

Wet No. 35, 1979

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

I **I** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skappings uit bestaande verordenings aan.

Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WET

Tot wysiging van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969, betreffende die woordskrywings; ten einde die doelstelling van die raad meer in besonderhede te bepaal; die tydperk waartydens iets wat voorlopig tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar is, vir die doeleindes van die toepassing van sekere bepalings van daardie Wet 'n gedenkwaardigheid is, van drie tot vyf jaar te verleng; die bevoegdhede, werksaamhede en pligte van die raad uit te brei; voorsiening te maak vir die registrasie van en die verlening van geldelike bystand aan 'n gesag of liggaam van persone wat gedenkwaardighede bewaar, die delegering van bevoegdhede deur die Minister en die aanwysing van 'n direkteur en waarnemende direkteur van die raad; aan die Minister die bevoegdheid te verleen om die terugbetaling van die lenings en rente op die lenings van die raad te waarborg; die raad te verplig om sy fondse aan te wend ooreenkomstig 'n raming van uitgawe wat deur die Minister handelende met die instemming van die Minister van Finansies goedgekeur is; voorsiening te maak vir die verklaring van sekere wrakke tot gedenkwaardighede; die tydperk van gelding van kennisgewings van voorgenome of voorlopige verklaring van gedenkwaardighede van drie tot ses maande te verleng; sekere persone te verplig om die vonds van sekere voorwerpe aan te meld; die beskadiging en verwydering van gedenkplate, die kentekens van die raad en tekens te verbied; die strawwe vir sekere oortredings van daardie Wet te verhoog; die regsbevoegdheid van landdroshowe met betrekking tot strawwe vir sodanige oortredings te verhoog; en te bepaal dat plaaslike besture die goedkeuring van die Minister sowel as dié van die raad moet verkry vir die uitvaardiging van verordeninge ingevolge daardie Wet; tot wysiging van die Wet op Finansiële Verhoudings, 1976, ten einde aan provinsiale rade die bevoegdheid te verleen om voorsiening te maak vir die besteding van geld in verband met onroerende gedenkwaardighede; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 3 April 1979.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

1. Artikel 1 van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

(a) deur die omskrywing van „gedenkwaardigheid” deur die volgende omskrywing te vervang:

„„gedenkwaardigheid” goed wat kragtens hierdie Wet tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar is en ook, by die toepassing van artikel 12, goed wat voorlopig

Wysiging van
artikel 1 van
Wet 28 van 1969.

Act No. 35, 1979

NATIONAL MONUMENTS AMENDMENT ACT, 1979.

- terms of the Heraldry Act, 1962 (Act No. 18 of 1962);”;
- (b) by the substitution for the definition of “monument” of the following definition:
- “‘monument’ means any property declared under this Act to be a national monument and includes, for the purposes of section 12, any property provisionally so declared for a period of three five years from the date of the provisional declaration;”;
- (c) by the insertion of the following definitions after the definition of “monument”:
- “‘register’, as a verb, means to register as contemplated in section 5A (1);”;
- “‘register’ means the register mentioned in section 5 (7);”;
- (d) by the insertion after the definition of “Republic” of the following definition:
- “‘sign’ means a sign determined from time to time by the council which indicates that an object has been declared to be a monument;”;
- (e) by the insertion after the definition of “territory” of the following definition:
- “‘wreck’ means any wreck as defined in section 112 (1) of the Customs and Excise Act, 1964 (Act No. 91 of 1964);”.

Insertion of
section 2A in
Act 28 of 1969.

2. The following section is hereby inserted in the principal Act after section 2:

“Object
of the
council.

2A. The object of the council shall be to preserve and protect the historical and cultural heritage, to encourage and to promote the preservation and protection of that heritage, and to co-ordinate all activities in connection with monuments in order that monuments will be retained as tokens of the past and may serve as an inspiration for the future.”

Amendment of
section 5 of
Act 28 of 1969.

3. Section 5 of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph (a) of the following words:
- “The council shall, subject to the provisions of this Act, have power, in addition to any other power conferred on it by this Act or any other Act—”;
- (b) by the substitution for paragraph (f) of subsection (1) of the following paragraph:
- “(f) to preserve, repair or restore anything declared or provisionally declared under this Act to be a national monument, if it is under the control of the council or, if it is not under the control of the council, if the owner consents thereto: Provided that if the owner fails to maintain properly any monument, the council may, with the concurrence of the Minister, after reasonable notice to such owner, take such steps as may be necessary for the maintenance thereof.”;
- (c) by the substitution for paragraph (g) of subsection (1) of the following paragraph:
- “(g) (i) to take steps for the erection in suitable places of memorial tablets giving information in both official languages and, if the council considers it to be desirable, in any other language, about historical events relating to such places;
- (ii) to affix to any monument the badge or a sign;”;

WYSIGINGSWET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, 1979.

Wet No. 35, 1979

- aldus verklaar is, vir 'n tydperk van **[drie]** vyf jaar vanaf die datum van die voorlopige verklaring;";
- (b) deur na die omskrywing van „gedenkwaardigheid” die volgende omskrywing in te voeg:
- 5 „kenteken’ die kenteken van die raad geregistreer ingevolge die Heraldiekwet, 1962 (Wet No. 18 van 1962);”;
- (c) deur na die omskrywing van „raad” die volgende omskrywings in te voeg:
- 10 „register’ die register in artikel 5 (7) vermeld;”;
 „registreer’ registreer soos in artikel 5A (1) beoog;” en
- (d) deur na die omskrywing van „Republiek” die volgende omskrywings in te voeg:
- 15 „teken’ ’n teken van tyd tot tyd deur die raad bepaal wat aandui dat ’n voorwerp tot ’n gedenkwaardigheid verklaar is;
 „wrak’ ’n wrak soos omskryf in artikel 112 (1) van die Doeane- en Aksynswet, 1964 (Wet No. 91 van 1964).”
- 20

2. Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 2 ingevoeg:

Invoeging van artikel 2A in Wet 28 van 1969.

- „Doelstelling van raad. 2A. Die doelstelling van die raad is om die
- 25 historiese en kulturele erfenisse te behou en te beskerm, die behoud en beskerming van daardie erfenisse aan te moedig en te bevorder, en om alle werksaamhede met betrekking tot gedenkwaardighede te koördineer sodat gedenkwaardighede as tekens van die verlede behoue sal bly en as besieling vir die
- 30 toekoms kan dien.”

3. Artikel 5 van die Hoofwet word hierby gewysig—

Wysiging van artikel 5 van Wet 28 van 1969.

- (a) deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:
- 35 „Die raad het, behoudens die bepalings van hierdie Wet, benewens enige ander bevoegdheid by hierdie Wet of enige ander Wet aan hom verleen, die bevoegdheid—”;
- (b) deur paragraaf (f) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:
- 40 „(f) om enigiets wat kragtens hierdie Wet tot gedenkwaardigheid verklaar of voorlopig verklaar is, te bewaar, te herstel of te restoreer, indien dit onder die beheer van die raad staan of, indien dit nie onder die beheer van die raad staan nie, indien die eienaar daartoe instem: Met dien verstande dat indien die
- 45 eienaar versuim om ’n gedenkwaardigheid behoorlik in stand te hou die raad, met die instemming van die Minister, na redelike kennisgewing aan daardie eienaar, die stappe kan doen wat nodig is vir die instandhouding daarvan;”;
- 50 (c) deur paragraaf (g) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:
- „(g) (i) om stappe te doen vir die oprigting op
- 55 geskikte plekke van gedenkplate wat inligting oor geskiedkundige gebeurtenisse met betrekking tot daardie plekke aangee in beide amptelike tale en, indien die raad dit wenslik ag, in ’n ander taal;
- (ii) om op enige monument die kenteken of ’n teken aan te bring.”

Act No. 35, 1979

NATIONAL MONUMENTS AMENDMENT ACT, 1979.

- (d) by the substitution for paragraph (j) of subsection (1) of the following paragraph:
- “(j) **[with the approval of the Minister]** by means of the news media or in any other manner—
- (i) to publish and distribute or to cause to be published and distributed any knowledge and information directly or indirectly relating to any monument;
 - (ii) to encourage and to promote the preservation of monuments;”;
- (e) by the substitution for subsections (6) and (7) of the following subsections, respectively:
- “(6) The Minister may, at the request of any person whose property has by notice under subsection (1) (c) been provisionally declared to be a national monument, after consultation with the council by notice in the *Gazette* withdraw such first-mentioned notice in so far as it relates to such property.
- (7) The council shall keep a register of all monuments and shall record therein such particulars as the Minister may from time to time determine, and may make such register available for inspection by any person during the council's normal office hours.”; and
- (f) by the addition of the following subsection:
- “(8) (a) The council shall—
- (i) endeavour to ensure that land surrounding or in the immediate vicinity of a monument is not developed in such a manner that the aspect of, or the view from, that monument is obstructed;
 - (ii) as far as may be practicable, mark each monument by affixing its badge or a sign thereto.
- (b) The council may in order to comply with the provisions of paragraph (a) (i), enter into an agreement with the owner of the land in question.”.

Insertion of
section 5A in
Act 28 of 1969.

4. The following section is hereby inserted in the principal Act after section 5:

“Rendering of financial assistance to registered authority or body of persons. **5A.** (1) Subject to the provisions of section 9 the council may with the approval of the Minister render financial assistance to any authority or body of persons which restores and preserves monuments and which has been registered under this section, for the purpose of the restoration and preservation by such authority or body of such monuments.

(2) Any authority or body of persons desirous of being registered under this section, shall apply to the council and shall in connection with the application furnish such particulars as may be required by the council.”.

Insertion of
section 7A in
Act 28 of 1969.

5. The following section is hereby inserted in the principal Act after section 7:

“Delegation of powers by Minister. **7A.** The Minister may delegate any power, duty or function conferred or imposed upon or assigned to him by sections 5 (2), 5 (4) (a) and (b), 5 (7) and 8 (1) to the Secretary for National Education or the director of archives appointed under section 3 of the Archives Act, 1962 (Act No. 6 of 1962).”.

WYSIGINGSWET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, 1979.

Wet No. 35, 1979

- (d) deur paragraaf (j) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:
- „(j) om **[met die goedkeuring van die Minister]** deur middel van die nuusmedia of op enige ander wyse—
- (i) kennis en inligting wat regstreeks of onregstreeks op 'n gedenkwaardigheid betrekking het, te publiseer en versprei of te laat publiseer en versprei;”;
- (ii) die bewaring van gedenkwaardighede aan te moedig en te bevorder;”.
- (e) deur subartikels (6) en (7) deur onderskeidelik die volgende subartikels te vervang:
- „(6) Die Minister kan, op versoek van 'n persoon wie se goed by kennisgewing kragtens subartikel (1) (c) voorlopig tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar is, na oorleg met die raad daardie kennisgewing by kennisgewing in die *Staatskoerant* intrek vir sover dit op bedoelde goed betrekking het.
- (7) Die raad hou 'n register van alle gedenkwaardighede en **[teken]** skryf daarin **[aan]** dié besonderhede wat die Minister van tyd tot tyd bepaal, en kan bedoelde register ter insae aan iemand beskikbaar stel gedurende die raad se gewone kantoorure.”; en
- (f) deur die volgende subartikel by te voeg:
- „(8) (a) Die raad moet—
- (i) poog om te verseker dat grond om of in die onmiddellike nabyheid van 'n gedenkwaardigheid nie op so 'n wyse ontwikkel word dat die aansig van of uitsig vanaf daardie gedenkwaardigheid belemmer word nie;
- (ii) sover dit prakties doenlik is, elke gedenkwaardigheid merk deur sy kenteken of 'n teken daarop aan te bring.
- (b) Die raad kan ten einde aan die bepalings van paragraaf (a) (i) te voldoen, 'n ooreenkoms met die eienaar van die betrokke grond aangaan.”.

4. Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 5 ingevoeg:

Invoeging van artikel 5A in Wet 28 van 1969.

- 40 „Verlening van geldelike bystand aan geregistreerde gesag of liggaam van persone.
- 45 5A. (1) Behoudens die bepalings van artikel 9 kan die raad met die goedkeuring van die Minister geldelike bystand verleen aan enige gesag of liggaam van persone wat gedenkwaardighede restoureer en bewaar en wat kragtens hierdie artikel geregistreer is, vir die doeleindes van die restourasie en bewaring deur so 'n gesag of liggaam van sodanige gedenkwaardighede.
- 50 (2) 'n Gesag of liggaam van persone wat kragtens hierdie artikel geregistreer wil word, moet by die raad aansoek doen en moet in verband met die aansoek die besonderhede wat die raad verlang, verstrek.”.

5. Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 7 ingevoeg:

Invoeging van artikel 7A in Wet 28 van 1969.

- 55 „Delegering van bevoegdhede deur Minister.
- 7A. Die Minister kan 'n bevoegdheid, plig of werksaamheid wat by artikels 5 (2), 5 (4) (a) en (b), 5 (7) en 8 (1) aan hom verleen, opgelê of opgedra is, aan die Sekretaris van Nasionale Opvoeding of die direkteur van argiewe aangestel kragtens artikel 3 van die Argiefwet, 1962 (Wet No. 6 van 1962), oordra.”.

Act No. 35, 1979

NATIONAL MONUMENTS AMENDMENT ACT, 1979.

Amendment of
section 8 of Act 28 of
1969.

6. Section 8 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

- “(1) (a) The council may from time to time appoint to such posts and on such conditions and at such remuneration as may be approved by the Minister in consultation with the Minister of Finance, such officers **[or]** and employees as may be required to assist it in the performance of its functions and duties.
- (b) The council shall designate one of its officers or employees as director—
- (i) in addition to any other function or duty assigned to or imposed upon him in terms of this Act, to manage the affairs of the council and to carry out its decisions; and
- (ii) to furnish the council with an annual report on the activities and financial position of the council.
- (c) The council shall designate one of its officers or employees as acting director when the office of director is vacant or when the director is absent.”

Amendment of
section 9 of
Act 28 of 1969.

7. Section 9 of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the insertion after subsection (1) of the following subsection:

“(1A) The Minister may with the concurrence of the Minister of Finance guarantee the repayment of any loan made by the council and of the interest payable thereon.”; and

- (b) by the substitution for subsections (2), (3) and (5) of the following subsections, respectively:

“(2) The council shall not incur any expenditure except in accordance with an estimate of expenditure approved in terms of subsection (3).

(3) Once during every financial year, at such time as the Minister may direct, the council shall submit to the Minister for his approval, with the concurrence of the Minister of Finance, estimates of the income and expenditure of the council during the ensuing financial year, and the council may also during the course of a financial year, submit to the Minister for his approval, with the concurrence of the Minister of Finance, supplementary estimates of expenditure for that financial year.

(5) The council shall, in such manner as the Secretary for **[Cultural Affairs]** National Education may direct, keep records of all property under its control and of all its financial transactions.”

Amendment of
section 10 of
Act 28 of 1969.

8. Section 10 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) Whenever the Minister considers it to be in the national interest that any immovable or movable property of aesthetic, historical **[archaeological, palaeontological]** or scientific interest be preserved, protected and maintained he may, subject to the provisions of subsection (3), on the recommendation of the council, by notice in the *Gazette* declare any such property described in the notice to be a national monument.”

Insertion of
section 10A in
Act 28 of 1969.

9. The following section is hereby inserted in the principal Act after section 10:

“Declaration
of wreck
to be
monument.

10A. (1) The council may in respect of any wreck in the Republic, including the ‘sea’, as defined in section 1 of the Sea-shore Act, 1935 (Act No. 21 of 1935), which is fifty years old or older or which the council upon reasonable grounds believes to be fifty years old or older, perform or carry out any power, function or duty assigned to or imposed upon it in terms of this Act: Provided that the council shall not exercise any power in relation to any wreck on the ‘sea-shore’, as defined in section 1 of the Sea-shore Act, 1935, or in the ‘sea’, as so defined, unless the

WYSIGINGSWET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, 1979.

Wet No. 35, 1979

6. Artikel 8 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

Wysiging van artikel 8 van Wet 28 van 1969.

- 5 „(1) (a) Die raad kan van tyd tot tyd in dié poste en op dié voorwaardes en teen dié besoldiging wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies goedkeur, die beamptes en werknemers aanstel wat
- 10 **[benodig]** nodig is om die raad by die verrigting van sy werksaamhede en pligte by te staan.
- (b) Die raad wys een van sy beamptes of werknemers
- 10 aan as direkteur om—
- (i) benewens enige ander werksaamheid of plig ingevolge hierdie Wet hom opgedra of opgelê, die sake van die raad te bestuur en sy besluite uit te voer; en
- 15 (ii) 'n jaarlikse verslag oor die raad se werksaamhede en geldelike toestand aan die raad te verstrek.
- (c) Die raad wys een van sy beamptes of werknemers as waarnemende direkteur aan wanneer die amp van direkteur vakant is of wanneer die direkteur afwesig is.”
- 20

7. Artikel 9 van die Hoofwet word hierby gewysig—

Wysiging van artikel 9 van Wet 28 van 1969.

- (a) deur na subartikel (1) die volgende subartikel in te voeg:
- 25 „(1A) Die Minister kan met die instemming van die Minister van Finansies die terugbetaling van 'n lening deur die raad aangegaan en van die rente daarop betaalbaar, waarborg.”; en
- (b) deur subartikels (2), (3) en (5) deur onderskeidelik die volgende subartikels te vervang:
- „(2) Die raad gaan geen uitgawes aan nie behalwe ooreenkom-
- 30 stig 'n raming van uitgawes wat ingevolge subartikel (3) goedgekeur is.
- (3) Een maal gedurende elke boekjaar, op die tydstip wat die Minister bepaal, moet die raad aan die Minister vir sy goedkeuring, met die instemming van die Minister van Finansies, 'n raming
- 35 van die raad se inkomste en uitgawes gedurende die volgende boekjaar voorlê, en die raad kan ook gedurende die loop van 'n boekjaar aan die Minister vir sy goedkeuring, met die instemming van die Minister van Finansies, aanvullende ramings van uitgawes vir daardie boekjaar voorlê.
- 40 (5) Die raad moet, op die wyse wat die Sekretaris van **[Kultuursake]** Nasionale Opvoeding gelas, van alle eiendom onder sy beheer en van al sy geldelike transaksies boekhou.”

8. Artikel 10 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

Wysiging van artikel 10 van Wet 28 van 1969.

- 45 „(1) Wanneer die Minister dit in nasionale belang ag dat onroerende of roerende goed van estetiese, historiese **[argeologiese, paleontologiese]** of wetenskaplike waarde of belang behou, beskerm en in stand gehou moet word, kan hy, behoudens die bepalings van subartikel (3), op aanbeveling
- 50 van die raad, by kennisgewing in die *Staatskoerant* enige sodanige goed in die kennisgewing omskryf, tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar.”

9. Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 10 ingevoeg:

Invoeging van artikel 10A in Wet 28 van 1969.

- 55 „Verklaring van wrak tot gedenkwaardigheid. **10A.** (1) Die raad kan ten opsigte van enige wrak in die Republiek, met inbegrip van die „see”, soos omskryf in artikel 1 van die Strandwet, 1935 (Wet No. 21 van 1935), wat vyftig jaar oud of ouer is of wat, na die raad op redelike gronde glo, vyftig jaar oud of ouer is, enige bevoegdheid, werksaamheid of plig wat ingevolge hierdie Wet aan hom verleen of opgedra is, uitoefen of verrig: Met dien verstande dat die raad geen bevoegdheid met betrekking tot 'n wrak op die „strand”, soos omskryf in artikel 1 van die Strandwet, 1935, of in die „see”, soos aldus omskryf,
- 60
- 65

Act No. 35, 1979

NATIONAL MONUMENTS AMENDMENT ACT, 1979.

council has consulted with the Minister of Agriculture.

(2) The declaration of any wreck to be a monument in terms of subsection (1) does not preclude the exercise in respect of that wreck of any power referred to in section 304A of the Merchant Shipping Act, 1951 (Act No. 57 of 1951), or in paragraph (26) of section 2 of the Railways and Harbours Control and Management (Consolidation) Act, 1957 (Act No. 70 of 1957).

(3) The council may in order to enable it to decide whether any wreck is suitable to be declared or provisionally declared to be a national monument, require any person whom the council is satisfied possesses information relating to such wreck, to furnish the council with such information.

(4) Any abandoned wreck which in terms of this Act has been declared or is about to be declared to be a national monument, may in such manner and subject to such conditions, including the payment of compensation (if any), as may be determined by the Secretary for Customs and Excise, be placed at the disposal of the council or a declared institution referred to in section 1 of the Cultural Institutions Act, 1969 (Act No. 29 of 1969)."

Amendment of
section 11 of
Act 28 of 1969.

10. Section 11 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Whenever any notice under section 5 (5) (b) or 10 (3) (a) has been served in respect of any property, such property shall for the purpose of the application of section 12 in respect of any person who is aware of such notice, be deemed to be a monument from the date of service of such notice, for a period of **[three]** six months or for the period expiring on the date of cancellation of the notice under subsection (2), or on the date on which such property may under this Act be declared or provisionally declared to be a national monument, whichever may be the shorter period."

Amendment of
section 12 of
Act 28 of 1969.

11. Section 12 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) **[Subject to the provisions of subsection (3) no 1]** No person shall—

(a) destroy, damage, excavate, alter, remove from its original site or export from the Republic any monument **[or any meteorite or fossil or any drawing or painting on stone or petroglyph known or commonly believed to have been executed before the advent of the Europeans by Bushmen or other aborigines of any portion of the Republic or by any people who inhabited or visited any part of the Republic, or any implement or ornament known or commonly believed to have been used by them, or any anthropological or archaeological contents of the graves, caves, rock shelters, middens, shell mounds or other sites used by them or any other archaeological or palaeontological material or object]**, except under the authority of and in accordance with a permit issued under this section; or

(b) disfigure, destroy, remove, alter or damage any memorial tablet, the badge or a sign erected or

WYSIGINGSWET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHED, 1979.

Wet No. 35, 1979

uitoefen tensy hy met die Minister van Landbou oorleg gepleeg het nie.

(2) Die verklaring van enige wrak tot gedenkwaardigheid ingevolge subartikel (1) belet nie die uitoefening ten opsigte van daardie wrak van enige bevoegdheid vermeld in artikel 304A van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951), of in paragraaf (26) van artikel 2 van die Konsolidasiewet op die Beheer en Bestuur van Spoorweë en Hawens, 1957 (Wet No. 70 van 1957), nie.

(3) Die raad kan ten einde hom in staat te stel om te besluit of enige wrak geskik is om tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar of voorlopig verklaar te word, van iemand wat na sy oortuiging oor inligting met betrekking tot daardie wrak beskik, eis dat hy daardie inligting aan die raad verstreke.

(4) 'n Geabandonneerde wrak wat ingevolge hierdie Wet tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar is of verklaar staan te word, kan op die wyse, en onderworpe aan die voorwaardes, met inbegrip van die betaling van vergoeding (as daar is), wat die Sekretaris van Doeane en Aksyns bepaal, tot die beskikking van die raad of 'n verklaarde inrigting vermeld in artikel 1 van die Wet op Kulturele Inrigtings, 1969 (Wet No. 29 van 1969), gestel word."

10. Artikel 11 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

Wysiging van artikel 11 van Wet 28 van 1969.

„(1) Wanneer 'n kennisgewing ingevolge artikel 5 (5) (b) of 10 (3) (a) ten opsigte van enige goed bestel is, word daardie goed by die toepassing van artikel 12 ten opsigte van 'n persoon wat van daardie kennisgewing bewus is, geag 'n gedenkwaardigheid te wees met ingang van die datum van bestelling van bedoelde kennisgewing, vir 'n tydperk van **[drie]** ses maande of vir die tydperk wat verstryk op die datum van intrekking van die kennisgewing kragtens subartikel (2), of op die datum waarop bedoelde goed kragtens hierdie Wet tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar of voorlopig verklaar word, watter tydperk ook al die kortste is."

11. Artikel 12 van die Hoofwet word hierby gewysig—

Wysiging van artikel 12 van Wet 28 van 1969.

(a) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) **[Behoudens die bepalings van subartikel (3), mag geen persoon]** Niemand mag—

(a) 'n gedenkwaardigheid **[of 'n meteoriet of fossiel of 'n tekening of skildery op klip of 'n rotsgraving ten opsigte waarvan dit bekend is of algemeen veronderstel word dat dit voor die koms van die Europeërs gemaak is deur Boesmans of ander inboorlinge van die een of ander deel van die Republiek of deur mense wat die een of ander deel van die Republiek bewoon of besoek het, of 'n werktuig of ornament ten opsigte waarvan dit bekend is of algemeen veronderstel word dat dit deur hulle gebruik is, of die antropologiese of argeologiese inhoud van grafte, grotte, rotsskuilings, puinhoop, skulphoop of ander plekke deur hulle gebruik of enige ander argeologiese of paleontologiese materiaal of voorwerp]** vernietig, beskadig, uitgrawe, verander, van sy oorspronklike ligging verwyder of uit die Republiek uitvoer nie, behalwe kragtens en ooreenkomstig 'n permit kragtens hierdie artikel uitgereik; of

(b) 'n gedenkplaat, kenteken of 'n teken opgerig of aangebring ingevolge artikel 5 (1) (g) ontsier,

Act No. 35, 1979

NATIONAL MONUMENTS AMENDMENT ACT, 1979.

affixed in terms of section 5 (1) (g), except with the written authority of the council.”;

- (b) by the insertion after subsection (2) of the following subsection:

“(2A) No person shall destroy, damage, excavate, 5
alter, remove from its original site or export from the Republic—

- (a) any meteorite or fossil; or
 - (b) any drawing or painting on stone or a petroglyph known or commonly believed to have been executed by Bushmen; or 10
 - (c) any drawing or painting on stone or a petroglyph known or commonly believed to have been executed by any other people who inhabited or visited the Republic before the settlement of the Europeans at the Cape; or 15
 - (d) any implement, ornament or structure known or commonly believed to have been made, used or erected by people referred to in paragraphs (b) and (c); or 20
 - (e) the anthropological or archaeological contents of graves, caves, rock shelters, middens, shell mounds or other sites used by such people; or
 - (f) any other archaeological or palaeontological finds, material or object, 25
- except under the authority of and in accordance with a permit issued under this section.”;

- (c) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

“(3) (a) The provisions of subsection **[(2)] (2A)** shall 30
not apply to the removal of anything other than deposits in any cave or midden, in the normal course of mining, engineering or agricultural activities: Provided that if anything referred to in section (2A) is found in the normal course of the said activities, the finder thereof or the owner of the land where it is found or the person who performs such activities, shall report that fact immediately to an institution referred to in the Cultural Institutions Act, 1969 (Act No. 29 of 1969). 35 40

- (b) The council or any person in the employment of the State authorized thereto by the Minister may enter into an agreement with such finder, owner or other person in connection with the removal and safe custody of such thing: Provided that the council and the State shall not be liable in respect of any loss arising out of such removal or custody unless with the consent of the Minister it is otherwise agreed.”; 45

- (d) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

“(4) On application by any person in the manner prescribed by regulation under this Act, the council may in its discretion, but subject to the directions of the Minister, issue to such person free of charge a permit to 55
destroy, damage, excavate, alter or remove from its original site or export from the Republic any monument or any other object referred to in subsection (2) or (2A), specified in the permit, at such time or within such period and subject to such terms, conditions and 60
restrictions or directions as may be so specified.”;

- (e) by the substitution in subsection (6) for the words preceding paragraph (a) of the following words:

“(6) Whenever any person has been convicted of damaging or altering anything in contravention of sub- 65
section (2) or (2A), the council may—”; and

WYSIGINGSWET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHED, 1979.

Wet No. 35, 1979

vernietig, verwyder, verander of beskadig nie, behalwe met die skriftelike goekeuring van die raad.

(b) deur die volgende subartikel na subartikel (2) in te voeg:

„(2A) Niemand mag—

- (a) 'n meteoriet of fossiel; of
- (b) 'n tekening of skildery op klip of 'n rotsgraving waarvan dit bekend is of algemeen veronderstel word dat dit deur Boesmans gemaak is; of
- (c) 'n tekening of skildery op klip of 'n rotsgraving waarvan dit bekend is of algemeen veronderstel word dat dit deur ander mense gemaak is wat die Republiek voor die vestiging van die Europeërs aan die Kaap, bewoon of besoek het; of
- (d) 'n werktuig, ornament of struktuur waarvan dit bekend is of algemeen veronderstel word dat dit deur mense bedoel in subparagrafe (b) en (c) gemaak, gebruik of opgerig is; of
- (e) die antropologiese of argeologiese inhoud van grafte, grotte, rotsskuiings, puinhoop, skulphoe of ander plekke deur daardie mense gebruik; of
- (f) enige ander argeologiese of paleontologiese vondse, materiaal of voorwerp, vernietig, beskadig, uitgrawe, verander, van sy oorspronklike ligging verwyder of uit die Republiek uitvoer nie, behalwe kragtens en ooreenkomstig 'n permit kragtens hierdie artikel uitgereik.”;

(c) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

„(3) (a) Die bepalings van subartikel [(2)] (2A) is nie op die verwydering in die gewone loop van mynbou-, ingenieurs- of landboubedrywighede van enigiets anders as afsettings in 'n grot of puinhoop, van toepassing nie: Met dien verstande dat indien 'n voorwerp in subartikel (2A) vermeld in die gewone loop van bedoelde bedrywighede gevind word, die vinder daarvan of die eienaar van die grond waar dit gevind word of die persoon wat sodanige bedrywighede verrig daardie feit onmiddellik by 'n verklaarde inrigting vermeld in die Wet op Kulturele Inrigtings, 1969 (Wet No. 29 van 1969), moet aanmeld.

(b) Die raad of iemand in diens van die Staat deur die Minister daartoe gemagtig, kan met sodanige vinder, eienaar of ander persoon 'n ooreenkoms aangaan betreffende die verwydering en veilige bewaring van sodanige voorwerp: Met dien verstande dat die raad of die Staat nie aanspreeklik is ten opsigte van enige verlies wat voortspruit uit sodanige verwydering of bewaring nie tensy met die goedkeuring van die Minister anders ooreengekom word.”;

(d) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

„(4) Op aansoek deur 'n persoon op die wyse wat by regulasie kragtens hierdie Wet voorgeskryf word, kan die raad na goeddunke, maar behoudens die voorskrifte van die Minister, aan bedoelde persoon 'n permit kosteloos uitreik om 'n gedenkwaardigheid of 'n ander in subartikel (2) of (2A) bedoelde voorwerp in die permit vermeld, te vernietig of van sy oorspronklike ligging te verwyder of uit die Republiek uit te voer, op dié tydstop of binne dié tydperk en onderworpe aan dié bedinge, voorwaardes, beperkings of voorskrifte wat aldus vermeld word.”;

(e) deur in subartikel (6) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

„(6) Wanneer 'n persoon skuldig bevind is weens beskadiging of verandering van enigiets in stryd met subartikel (2) of (2A), kan die raad—”; en

Act No. 35, 1979

NATIONAL MONUMENTS AMENDMENT ACT, 1979.

- (f) by the addition thereto of the following subsection:
 “(7) Whenever any person has been convicted of disfiguring, destroying, removing, altering or damaging any memorial tablet, the badge or sign in contravention of subparagraph (b) of subsection (2), the council may repair or replace or cause to be repaired or replaced any such tablet, badge or sign and recover the cost thereof from such person.”.

Substitution of
section 16 of
Act 28 of 1969.

12. The following section is hereby substituted for section 16 of the principal Act: 10

- “Offences and penalties and jurisdiction of magistrate’s court.”
16. (1) Any person who—
- (a) contravenes or fails to comply with any provision of section 12 (1), **[or]** (2), (2A) or (3);
 - (b) for the purpose of obtaining, whether for himself or for any other person, any permit or authority under this Act, makes any statement or representation knowing it to be false or not knowing or believing it to be true;
 - (c) fails to comply with or performs any act contrary to the terms, conditions, restrictions or directions subject to which any permit has been issued to him under this Act;
 - (d) hinders or obstructs any person in the exercise of his powers under section 14,
- shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding **[one]** five thousand rand or to imprisonment for a period not exceeding **[six]** twelve months or to both such fine and such imprisonment.
- (2) A magistrate’s court shall, notwithstanding the provisions of any other Act, be competent to impose any punishment referred to in this section.”.

Amendment of
section 18 of
Act 28 of 1969.

13. (1) Section 18 of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the insertion in subsection (1) after paragraph (d) of the following paragraphs: 35
 - “(e) regulating the conditions of use by any person of any area of land which has been declared to be a monument and which is under the control of the council;
 - (f) regulating the conditions for the erection of any building structure on any area of land declared to be a monument.”;
- (b) by the substitution in subsection (2) for the words preceding paragraph (a) of the following words: 40

“(2) Any local authority may with the approval of the Minister and of the council make by-laws—”; and
- (c) by the insertion in subsection (2) after paragraph (d) of the following paragraphs, the existing paragraph (e) becoming paragraph (g): 50
 - “(e) regulating the conditions of use by any person of any area of land which is under the control of the local authority and which has been declared to be a monument;
 - (f) regulating the procedure and conditions for the erection of any building structure on any such area of land declared to be a monument.”.

(2) Any by-law made before the commencement of the National Monuments Amendment Act, 1979, by a local authority in terms of section 18 of the principal Act, shall remain in force until repealed or amended by the local authority in terms of that 60 section.

WYSIGINGSWET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, 1979. Wet No. 35, 1979

(f) deur die volgende subartikel by te voeg:

„(7) Wanneer 'n persoon skuldig bevind is weens ontsiering, vernietiging, verwydering, verandering of beskadiging van 'n gedenkplaat, die kenteken of 'n teken in stryd met subparagraaf (b) van subartikel (2), kan die raad sodanige gedenkplaat, kenteken, of teken herstel of vervang of laat herstel of vervang en die koste daarvan op sodanige persoon verhaal.”

12. Artikel 16 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang: Vervanging van artikel 16 van Wet 28 van 1969.

„Misdrywe en strawwe en bevoegdheid van landdroshof.

16. (1) 'n Persoon wat—

(a) 'n bepaling van artikel 12 (1), [of] (2), (2A) of (3) oortree of versuim om daaraan te voldoen;

(b) met dié doel om, hetsy vir homself of vir 'n ander persoon, 'n permit of magtiging ingevolge hierdie Wet te verkry, 'n verklaring doen of iets voorgee met die wete dat dit vals is of sonder dat hy weet of glo dat dit waar is;

(c) versuim om aan die bedinge, voorwaardes, beperkings of voorskrifte onderworpe waaraan 'n permit kragtens hierdie Wet aan hom uitgereik is, te voldoen of 'n handeling in stryd daarmee verrig;

(d) 'n persoon by die uitoefening van sy bevoegdhede kragtens artikel 14 belemmer of dwarsboom,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens [duisend] vyfduisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens [ses] twaalf maande of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

(2) Ondanks andersluidende wetsbepalings is 'n landdroshof bevoeg om enige straf in hierdie artikel vermeld, op te lê.”

35 13. (1) Artikel 18 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (1) na paragraaf (d) die volgende paragrafe in te voeg:

„(e) wat die voorwaardes van gebruik deur iemand van 'n grondgebied wat tot gedenkwaardigheid verklaar en wat onder beheer van die raad is, reël;

(f) wat die voorwaardes reël vir die oprigting van 'n boustruktuur op 'n grondgebied wat tot gedenkwaardigheid verklaar is.”

(b) deur in subartikel (2) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

„'n Plaaslike bestuur kan met die goedkeuring van die Minister en van die raad, verordeninge uitvaardig—”; en

(c) deur in subartikel (2) die volgende paragrafe na paragraaf (d) in te voeg, terwyl die bestaande paragraaf (e) paragraaf (g) word:

„(e) wat die voorwaardes van gebruik deur iemand van 'n grondgebied wat onder die beheer van die plaaslike bestuur is en wat tot gedenkwaardigheid verklaar is, reël;

(f) wat die prosedure en voorwaardes reël vir die oprigting van 'n boustruktuur op so 'n grondgebied wat tot gedenkwaardigheid verklaar is.”

60 (2) Enige verordening wat voor die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1979, deur 'n plaaslike bestuur ingevolge artikel 18 van die Hoofwet uitgevaardig is, bly van krag totdat dit deur die plaaslike bestuur ingevolge daardie artikel herroep of gewysig word.

Wysiging van artikel 18 van Wet 28 van 1969.

Act No. 35, 1979

NATIONAL MONUMENTS AMENDMENT ACT, 1979.

Amendment of
section 21 of
Act 65 of 1976.

14. (1) Section 21 of the Financial Relations Act, 1976, is hereby amended by the addition of the following subsection:

“(3) A provincial council may provide for the payment from the provincial revenue fund of amounts for the purchase, restoration, maintenance or protection of any immovable property which in terms of the National Monuments Act, 1969 (Act No. 28 of 1969), has been or is about to be declared to be a national monument.”.

(2) Subsection (1) shall be deemed to have come into operation on 1 March 1979.

Substitution of
long title of
Act 28 of 1969.

15. The following long title is hereby substituted for the long title of the principal Act:

“To provide for the preservation of certain immovable or movable property as national monuments and for that purpose to establish the National Monuments Council and to define its powers, functions and duties; to empower provincial councils to make ordinances for the payment of money in connection with certain national monuments; to repeal certain laws relating to natural and historical monuments, relics and antiques; and to provide for incidental matters.”.

Short title.

16. This Act shall be called the National Monuments Amendment Act, 1979.

WYSIGINGSWET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHED, 1979.

Wet No. 35, 1979

14. (1) Artikel 21 van die Wet op Finansiële Verhoudings, 1976, word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

Wysiging van artikel 21 van Wet 65 van 1976.

- 5 „(3) 'n Provinsiale raad kan voorsiening maak vir die betaling uit die provinsiale inkomstefonds van bedrae vir die aankoop, restourasie, instandhouding of beskerming van enige onroerende goed wat ingevolge die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet No. 28 van 1969), tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar is of verklaar staan te word.”

- 10 (2) Subartikel (1) word geag op 1 Maart 1979 in werking te getree het.

15 15. Die lang titel van die Hoofwet word hierby deur die volgende lang titel vervang:

Vervanging van lang titel van Wet 28 van 1969.

- 15 „Om voorsiening te maak vir die behoud van sekere onroerende of roerende goed as nasionale gedenkwaardighede en om vir daardie doel die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede in te stel en om sy bevoegdhede, werksaamhede en pligte te bepaal; om provinsiale rade te magtig om ordonnansies aan te neem vir die besteding van
- 20 geld in verband met sekere nasionale gedenkwaardighede; om sekere wette met betrekking tot natuurlike en historiese gedenkwaardighede, oudheidsoorblyfsels en oudhede te herroep; en om voorsiening te maak vir ander aangeleenthede wat daarmee in verband staan.”

- 25 16. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1979.

Kort titel.

